AFRIKAANSE OPVOEDKUNDIGE

GRENSIES

'PETITE'

KLEUTERSKOOL

INLIGTINGSTUK

ONS VERTROU OP ELKE OUER EN KIND SE SAMEWERKING OM SODOENDE DIE DAGSORG 'N VRIENDELIKE EN LIEFDEVOLLE OMGEWING TE MAAK!

Geagte Ouers

Net ‘n paar punte van belang en skoolreëls wat ek graag onder u aandag wil bring:

DISSIPLINE EN ROETINE

Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kleuters na die beste van hul vermoë te help en te ondersteun om die Opvoedingsgeleentheid wat die Dagsorg bied, so goed moontlik te ondersteun.

Streng dissipline en roetine word gehandhaaf. Die volgende oortredings deur kleuters/ouers word beskou as onaanvaarbaar en mag lei tot dissiplinêre stappe/ontslag:

a. Krutaal en/of enige vorm van fisiese geweld
b. Ydele gebruik van die naam van die Here
c. Opsetlike beskadiging van skooleiendom
d. Verwerping van gesag van Bestuur, Hoof of Opvoeders
e. Enige ander oortreding wat orde en dissipline versteur, of wat teenstrydig is met die aanvaarbare norme en wat na die oordeel van die Skoolhoof streng optrede verg.
f. Onprofessionele gedrag en krutaal van ouers teenoor Personeel, sal deur die Skoolhoof (Mnr J Brand) hanteer word.
g. Sou die kleuter of ouer hom/haar op drie geleenthede skuldig maak aan dieselfde oortreding en die ouer of kleuter het reeds drie waarskuwings vir dieselfde oortreding ontvang, sal die ouer per brief in kennis gestel word van die probleem.
h. Sou dieselfde probleem weer voorkom, sal die ouers van die kleuter, of die ouer, na die skool ontbied word.
i. Indien die probleem of optrede van kleuter of ouer, ten spyte van die bogenoemde stappe, steeds voorkom, sal die ***Skoolhoof die reg voorbehou om die kleuter of die ouer te verbied om die skool verder by te woon of te betree.***

INLIGTINGSAAND VIR ALLE OUERS

Hierdie inligtingsaand word aan die begin van elke jaar in Laerskool Grens se skoolsaal gehou en is **VERPLIGTEND**. Ons vra net +- ‘n uur van u tyd! Ten minste een ouer van elke kind moet teenwoordig wees asb. U sal vroegtydig van die datum in kennis gestel word. Ouers sal ingelig word oor die reëls van die skool asook al die aktiwiteite wat gedurende die jaar sal plaasvind. Buitemuurse aktiwiteite word aan ouers bekend gestel sodat u meer duidelikheid het indien u enige keuses wil maak rondom ekstra aktiwiteite vir u kind/ers. Ons probeer om elke keer ‘n gasspreker te hê. Oppassers sal by Grensies Petite beskikbaar wees om (gratis) na u kind om te sien vir die strekking van die vergadering indien u nie iemand het om na hul om te sien nie.

WENKE AAN OUERS T.O.V. AANPASSING AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR

- Motiveer u kind **vooraf**, praat positief t.o.v. die Opvoeder, skool, maats asook speelgoed en speelterrein – (veral ook tydens 'n naweek), moet nie u kleuter met die skool dreig nie!
- Bring u kleuter elke dag skool toe (behalwe as hy/sy aansteeklike siekte het) totdat die "aanvanklike" aanpassing verby is. Moenie a.g.v. huilery 'n kleuter tuis hou nie. Hulle leer gou om hierdie situasie uit te buit.
- Werk saam met die Opvoeder sodat u kleuter so vinnig as moontlik aanpas en die Kleuterskool kan geniet!
- Wanneer u uit die motor klim, neem u kleuter ***aan die hand en laat hulle stap*** (2-5jr) – indien u u kleuter op die heup het en die Opvoeder moet die kleuter "neem", ervaar u sowel as u kind 'n "afskeuring" wat onnodig is.
- Verseker u kind dat u hom/haar sal kom haal.
- **GROET EN LOOP!** Dit mag wreed klink, veral as u kind begin huil, maar hoe langer u in die klas vertoef, hoe erger word die afskeid: dit word NIE beter nie! Indien u te lank vertoef en u kleuter meer huil, ontstel dit later die ander kleuters wat "goed" aangepas het en voel hulle later ook effe onseker.
- Die Opvoeder **handhaaf gesag in die klas**; moenie dat u kleuter hierdie situasie uitbuit sodra u as ouer by is nie.
- Hou u kleuter se hand vas tot by die motor. Muirstraat is baie besig en ons wil verhoed dat kleuters eenvoudig by die hek uitstorm sonder ouer-begeleiding.
- Dis belangrik dat albei ouers dieselfde standpunt inneem, bv. By die aflaai van die kleuter (sodat u kleuter nie een ouer teenoor die ander afspeel nie).
- Kry u kleuter spoedig in 'n roetine wat slaap- en opstaantye betref, dit sal verhoed dat u kleuter moeg skooltoe kom, en dit gee aan hulle sekuriteit.

SKOOLFONDS

Is maandeliks VOORUIT betaalbaar ***OOR 12 MAANDE*** ***voor of op die 1ste*** **van elke maand per elektroniese oordrag of in kontant by die kantoor.** ***(SLEGS SKOOLFONDS WORD IN HIERDIE REKENING INBETAAL – GEEN ANDER GELDE NIE).*** Skoolfonds wat elektronies gedoen word moet asseblief vroegtydig inbetaal word sodat dit op die **1ste** van die maand beskikbaar is (kind se naam en van as verwysing asb. – sien bankbesonderhede agter in u kind se boek) Moet asb. **nie** u kind se ***skoolfonds of enige ander groot bedrae geld voor in die banksakkie plaas nie***. Ons sal **geen verantwoordelikheid** aanvaar indien geld wegraak nie. Hierdie sakkie is slegs vir uitstappie/foto/fondsinsameling gelde. Skoolfonds verhoog aan die begin van elke jaar (volgens inflasiekoers). **Januarie en Desember maand se fooie is voluit betaalbaar.** Indien u gedurende die jaar met vakansie gaan sal u verantwoordelik gehou word vir daardie maand se volle betaling, DUS SAL DAAR GEEN TERUGBETALINGS VIR SKOOLVAKANSIES, AFWESIGHEDE OF WATTER AARD OOKAL WEES NIE. Agter in u kind se boek is 'n vorm geplak waarop die skoolfonds, laat afhaal van kinders en u fondsinsameling bydraes en voorraad aangeteken word. ***Hierdie vorm is slegs vir kantoor gebruik .***

L.W. ALHOEWEL GRENSIES PETITE ONDER L/GRENS RESORTEER, IS ONS 'N ONAFHANKLIKE DAGSORGSENTRUM WAT BETEKEN DAT ONS SELF VIR ALLE UITGAWES EN SALARISSE VERANTWOORDELIK IS. DERHALWE IS DIT BELANGRIK DAT ELKE KIND SE SKOOLFOOIE MAANDELIKS VOORUIT EN STIPTELIK BETAAL MOET WORD. TREF DADELIK REËLINGS MET BESTUUR INDIEN U PROBLEME MET BETALING ONDERVIND. DIE DAGSORG BY LAERSKOOL GRENS IS NIE VERPLIGTEND NIE, DAAROM SAL KINDERS NIE TOEGELAAT WORD INDIEN SKOOLFOOIE AGTERSTALLIG IS NIE.

REEDS INGESKREWE KLEUTERS – REGISTRASIEFOOI

Die registrasiefooi is jaarliks betaalbaar d.w.s. kleuters moet jaarliks herregistreer vir die volgende jaar. Die fooi word aangewend tot kryte, koki's, papier, verf, gom, kunskoevert, inkleurprente (afrolwerk) en enige ander items wat tydens kuns periode gebruik word. Hierdie fooi is betaalbaar teen einde September van die huidge jaar, vir die volgende jaar. Registrasiefooie is NIE TERUGBETAALBAAR NIE.

KENNISGEWING

Vir beplanningsdoeleindes moet u een **vol kalendermaand skriftelik kennis gee** indien u kind nie meer Grensies Petite gaan bywoon nie. Alternatief moet u een volle maand se skoolfonds betaal indien u kind onmiddellik ons skool verlaat.

NOVEMBER WORD NIE AANVAAR AS 'N KENNISMAAND NIE. INDIEN U GEDURENDE HIERDIE MAANDE KENNIS GEE, DAN SAL U VERANTWOORDELIK WEES VIR DIE VOLLE BETALING TOT EN MET DESEMBER.

SKOOLURE

Die ure is vanaf **7vm tot 5:30nm**. Ons u loo wel om reeds teen **6:50vm** oop te sluit. Personeel begin reeds om 6:40vm, maar moet eers die klaskamers gereed kry voordat die kinders inkom, ***dus sal geen kinders voor 6:50vm toegelaat word nie***.

Kleuters raak baie ontsteld as almal vertrek het en hy/sy moet alleen agterbly. Kom haal dus u kleuter betyds! 'n **Boete van R100** sal elke keer gehef word wanneer u u kind na 5:30nm kom haal. 'n Register moet geteken word en boete is **onmiddellik betaalbaar**. Ons wil nie ongevoelig voorkom nie – u moet in ag neem u look werksdag uit 11 ure bestaan, dat meeste van ons personeel afhanklik is van taxi u look, dat hul oortyd betaal moet word indien hul na 5:30nm werk u loo u look families het om na om te sien.

Die formele dagprogram begin om 8:15vm. WEES ASB. BETYDS!

In geval van 'n doktersafspraak of iets dergeliks gedurende skooltye, moet daar vooraf met die Opvoeder of Bestuur gereël word sodat u kind gereed is wanneer u hom/haar kom afhaal.

AFHAAL / OPLAAI VAN KINDERS

Kinders sal **onder geen omstandighede alleen na motors gestuur word nie**. Die verantwoordelike persoon moet hul persoonlik by die klassies kom afhaal. Niemand anders as die persone ingevul op die inskrywingsvorm mag u kind kom afhaal nie. Indien u iemand anders stuur, dan moet ons vooraf daarvan ingelig word. Ons benodig die volle besonderhede van daardie persoon en die persoon moet ook sy/haar Id dokument toon***. 'n Volwasse persoon moet die kleuters afhaal – kleuters sal nie aan kinders oorhandig word nie.***

Grensies Petite is nie verantwoordelik vir u kind se veiligheid, nadat hy/sy aan die verantwoordelike persoon wat hom/haar afhaal, oorhandig is nie.

HEKKE

Maak asb. seker dat die **HEK agter u TOEGETREK EN OP KNIP** is wanneer u die perseel binnekom of verlaat. Dit is vir u eie en die res van die kinders se veiligheid. Personeel het opdrag van die Bestuur om ouers aan te spreek wat hekke nie toemaak nie. **OUERS MOET ASB. NIE IN DIE RYOPGANG VOOR DIE HEK PARKEER NIE. MAAK GEBRUIK VAN DIE GEMERKTE PARKERING IN DIE STRAAT.**

WEBWERF EN E-POS

Ons Dagsorgsentrum beskik oor ons eie webwerf waarop ons foto's laai wat gedurende die jaar van u kind/ers geneem word (by die skool of op uitstappies). So kan familie dan foto's van u kind besigtig of u kan die foto's aflaai. Indien u u kind se foto's op die webwerf geplaas wil hê, dan **moet u 'n bedrag van R80 vir die jaar betaal**. L.W. dit is nie verpligtend nie.

Ons web adres is : *www.grensies-petite.co.za ,* ***e-pos:*** *grensiespetite@gmail.com*

BOODSKAPPE

Ek wil 'n beroep op ouers doen om dringende boodskappe wat betrekking het tot u kind na die selfoon te sms/whatsapp/telegram en NIE na die e-pos adres te stuur nie.

SKOOL SE SELFOON EN LANDLYN (072 3855 147 / 043 – 722 9278)

Indien u nie na die landlyn kan deurkom nie, skakel gerus ons selfoon nr. **OUERS MOET NIE BOODSKAPPE WAT VERBAND HOU MET HUL KINDERS NA PERSONEEL SE PRIVAAT SELFONE STUUR NIE.** Hul selfone is afgeskakel tydens skoolure. Personeel word beurtelings middae afgegee en dan bereik boodskappe wat ah ul selfone gestuur word nie die skool / Opvoeder aan diens nie. Die skool se selfoon is in werking 7vm – 5:30nm (Maandae – Vrydae).

TEETYD KOSSIES

Geen lekkers, chippies of koekies gedurende die week (Maandae – Donderdae) nie. Slegs joghurt, vrugte, broodjies of enige ander vorm van gesonde kossies. Ouers moet ook 'n botteltjie koeldrank (of ander) vir teetyd stuur. Net op Vrydae kan hulle lekkernye skooltoe bring. **Indien u lekkernye gedurende die week stuur, dan sal dit nie aan u kind gegee word nie!**

L.W. KOELDRANK OF MELKFORMULE MOET BY DIE HUIS AANGEMAAK WORD.

BUITEMUURS

Ons bied buitemuurse aktiwiteite aan gedurende skooltyd vir u gerief. Hierdie aktiwiteite is opsioneel en nie verpligtend nie. Aktiwiteite begin Februarie – November. U sal in kennis gestel word van watter aktiwiteite hierdie jaar aangebied word. **GEEN betaling van ander buitemuurse aktiwiteite sal deur Petite behartig word nie. Gelde moet direk aan persoon wat die aktiwiteit aanbied betaal word. Enige klagtes wat betrekking het tot hierdie buitemuurse aktiwiteit moet ook direk met die persoon wat dit aanbied opgeneem word.**

Grensies Petite sal geensins verantwoordelik gehou word vir enige beserings wat u kind opdoen gedurende enige buitemuurse aktiwiteit nie.

TANS GEEN BUITEMUURS NIE – AGV DIE PROTOKOL EN INPERKING

FONDSINSAMELINGS

Word gedurende die jaar gehou. Hierdie geld word weer teruggeploeg in die welsyn van u kind. Ons maak staat op **elke ouer se samewerking** in hierdie verband asb.

VERJAARSDAG PARTYTJIES – TREF VOORAF REËLINGS MET OPVOEDER

'n Verjaarsdag is 'n groot gebeurtenis is elke kind se lewe. Alhoewel u onder geen verpligting staan nie, mag ouers wat wil, verversings skool toe stuur. Die inhoud van die pakkies word **beperk tot 3 items.** U mag wel koek stuur, verkieslik klein 'cupcakes'. Los eerder die ballonne, fluitjies en speelgoed vir die partytjie tuis. **VERMY ASB.** KOUGOM, NICKERBALLS, HARDE LEKKERS, KOELDRANK, SHERBET EN LEKKERGOED WAT MOEILIK OOPMAAK. GEEN JELLETJIES IN DIE KLEIN VERPAKTE VORMS NIE. DIT KAN MAKLIK IN HUL KEELTJIES AFGLY EN ASEMNOOD TOT GEVOLG Hê. **Reël asb. vooraf met u kind se Opvoeder wat u beplan. Die partytjie moet *by ons teetyd inval (9:45vm – 10:15vm).*** Partytjie word bygewoon deur slegs die betrokke klas se kinders waar u kind is. Ons sal foto's neem (stuur u eie kamera asb). Geen springkastele nie!

FOTO'S

Ons maak gebruik van Digby Owen (vanaf P.E.) om ons kinders se foto's te neem. Hy is baie professioneel en neem al vir die afgelope 16 jaar ons foto's. Dit sluit in foto's in gewone klere, 'dress up', familie foto's asook die bekende kalender foto's. U sal vroegtydig in kennis gestel word van die datum en kostes. Hierdie gelde is slegs in kontant betaalbaar by die kantoor – ***NIE IN DIE SKOOL SE REKENING NIE.***

GEDURENDE DIE JAAR NEEM ONS DEEL AAN:
Atletiekbyeenkoms, Valentynsdag (Mnr en Mej Grensies Petite), Kermis, Uitstappies/besoeke, Konsert en nog baie meer …

WEEREENS – AGV. DIE INPERKING WORD ONS NIE TOEGELAAT OM BG. AAN TE BIED NIE. U SAL WEL IN KENNIS GESTEL WORD INDIEN DIT VERANDER!

KONSERT
Word aan die einde van die jaar gehou. Ons begin September oefen en gedurende hierdie tyd sal daar geen temabespreking wees nie. Klas en roetine gaan normaalweg voort. U sal 'n bedrag gevra word om by te dra vir die huur/maak van kostuums of verhoog items. ***Kostuums bly die eiendom van Petite***. Ouers neem ook deel. Laat weet my asb. indien u kan help met die maak van kostuums of dekor.

U SAL IN KENNIS GESTEL WORD INDIEN ONS WEL HIERDIE JAAR 'N KONSERT MAG HOU.

WEEG EN MEET
U kind sal aan die begin van elke kwartaal geweeg en gemeet word. Die Opvoeder sal hierdie besonderhede invul (voor in u kind se boek).

BANKSAKKIE VOOR IN U KIND SE BOEK
Hierdie banksakkie is daar vir u om uitstappie, fotogeld, dvd gelde ens. In te sit. U moet asb. vir ons in die boek skryf waarvoor die geld is wat u voorin plaas. **Skoolfonds mag nie in hierdie sakkie geplaas word nie. Dit moet persoonlik by kantoor betaal word**.

U KIND SE BOEK
Alle kommunikasie, tema's en briewe word hierin geplak of geskryf. **VOORSIENING WORD OP ELKE BRIEF GEMAAK VIR U HANDTEKENING. LEES ASB. ELKE OMSENDBRIEF AANDAGTIG DEUR OM SODOENDE OP HOOGTE VAN ALLE REëLINGS TE BLY.** *INDIEN DIE BRIEF NIE GETEKEN IS NIE, DAN SAL ONS AANVAAR DAT U NIE DIE BRIEF/NOTA GELEES HET NIE.* Indien u weet dat u nie tyd gaan hê om met ons in die oggend te praat nie, skryf asb. 'n briefie in u kind se boek. ***Hierdie boek moet asseblief netjies gehou word. Dit is nie vir u kind om in te skrabbel nie.*** Dit is nie altyd vir ons moontlik om vir u 'n brief te skryf oor u kind se vordering nie, daarom gee ons deurlopende evaluering en hou gesprekvoering met die ouers gedurende die jaar.

KWARTAALPROGRAM
'n Program wat al die belangrike datums bevat, funksies asook uitstappies sal aan die begin van elke kwartaal aan u deurgegee word.

AGV INPERKING KAN ONS NIE VOORUIT BEPLAN NIE, MAAR U SAL WEL TEN MINSTE 'N WEEK VOOR DIE TYD PER SKRYWE IN KENNIS GESTEL WORD VAN ENIGE GEBEURE

VORDERINGSVERSLAE

U kind ontvang 'n vorderingsverslag aan die einde van die 1ste, 2de en 3de kwartaal. **Volledige Evalueringsverslag** - Hierdie verslag sal ongeveer 'n week voordat Petite vir die skoolvakansie sluit gereed wees. Dit word by die kantoor afgehaal en **sal slegs aan ouers gegee word indien hul kind/ers se skoolfonds op datum is.**

Kleuters wat afwesig is wanneer assessering vir rapporte gedoen word, sal 'n afwesigheidsmerkie op die rapport ontvang teenoor die assessering waartydens die kleuter afwesig was.

TOELATING TOT GR. R

Kinders word toegelaat tot Gr. R as hul 6 jaar oud is of in die jaar waarin hulle 6 jaar oud word. Grensies Petite se kinders word automaties by Laerskool Grens se Graad R klas aanvaar, **mits alle skoolfonds vir die jaar op datum is en mits ons nie gereelde probleme met die kind of ouers ervaar nie.** 'n Toelatingsvorm sal teen Julie in u kind se boek geplaas word/of na u per e-pos gestuur word (agv inperking). Hierdie vorm moet volledig voltooi word en tesame met die nodige dokumente soos aangevra self deur ouers by die Kantoor by Laerskool Grens ingehandig word.

KOEVERTE VIR KUNS

Hierdie koevert word elke Vrydag huistoe gestuur. **Haal asb. u kind se kunswerke uit** en hou by die huis. ***Die koevert moet elke Maandag teruggestuur word skool toe***. Sorg asb. dat u kind nie die naamplakker aftrek nie**.** U kind kry slegs een koevert vir die jaar en indien dit verlore raak of nie opgepas word nie, sal u verantwoordelik gehou word vir die aanskaffing van 'n nuwe een.

KOMBERSIES

Stuur asb. 'n klein kombersie vir slapenstyd, merk dit duidelik asb. Hierdie kombersie sal elke Vrydag huistoe gestuur word sodat dit gewas kan word. U is welkom om 'n klein kussing te stuur indien nodig.

MEDISYNE / SIEKTES

Moet asb**. nie in die tas gesit word nie**, maar vir die betrokke klasopvoeder gegee word. **DIT IS DIE OUER SE PLIG OM TE SORG DAT U MEDISYNE NEEM WANNEER KIND GEHAAL WORD.** Ons wil vir veiligheidsredes nie medisyne voor die tyd in die tas sit nie, want soms krap kinders in die tassies. Alle medisyne moet asb. duidelik gemerk word en instruksies van hoe en wanneer dit gegee word moet **skriftelik in u kind se boek aangeteken word op die** *MEDIKASIEVORM VOOR IN U KIND SE BOEK-GEEN MEDISYNE SAL GEGEE WORD INDIEN U NIE DIE VORM VOOR IN U KIND SE BOEK VOLTOOI HET NIE.* Die Opvoeder moet in kennis gestel word van enige omstandighede, of medikasie wat tuis gegee word, wat die kind se gedrag mag beïnvloed.

L.W. IMMUNISERTINGSKAARTE moet op datum wees, met toelating tot die Dagsorg.

- **Mediese geskiktheid word vereis. 'n Mediese verslag mag, waar nodig, aangevra word deur die Bestuur van die Dagsorg.**
- **Afwesighede en aansteeklike siektes: Skool moet onmiddellik in kennis gestel word van aansteeklike siektes.**
- **Wanneer 'n kleuter siek word, sal die Opvoeder die ouer skakel. Gee asb. gehoor aan hierdie oproep aangesien ons slegs sal skakel indien ons voel dat die kleuter intensiewe mediese aandag benodig of dalk 'n aansteeklike siekte het.**
- **Geen kleuter sal by Grensies Petite toegelaat word (soos bepaal deur die Gesondheidswet) onderdie volgende omstandighede nie: Koors, uitslag, seer keel, kindersiekte, oog- of maaginfeksie/diaree, naarheid, aansteeklike sere en kopluise.**
- **AANSTEEKLIKE SIEKTES: Kinkhoes, Masels, Pampoentjies, Duitse Masels, Waterpokkies, Witseerkeel, Skarlakenkoors, Tetanus, Diaree, Gordelroos/omlope, ringwurm.**

KOPLUISE IS HOOGS OORDRAAGBAAR

Kinders "dra" kopluise in na die Skool en indien ons enige vind, sal u onmiddellik gevra word om u kind te kom haal. Kinders wat nete het sal NIE toegelaat word nie. **Alle nete moet verwyder word**. L.W. Geen middels maak nete "dood" nie, slegs lewendige kopluise, daarom is dit van uiterste belang dat u **ALLE nete verwyder.** Kinders moet eers deur die Opvoeder deursoek word voordat hul teruggelaat sal word in die klas.

KOUGOM / SPEELGOED VANAF HUIS

GEEN kougom word toegelaat nie. GEEN speelgoed (vanaf die huis) sal op ons perseel toegelaat word nie. Dit veroorsaak dikwels onaangenaamheid en ons kan nie waarborg of verantwoordelikheid aanvaar dat dit heel sal terug gaan huis toe nie.

EETGOED SOGGENS

Moet asseblief nie u kind inbring met eetgoed in die hand nie, dit veroorsaak hewige rusies en ongelukkigheid onder die kinders.

MERKE

Ons sal in u kind se boek skryf indien hy/sy 'n merk (seerplek) opdoen by die skool. Ons verwag ook van u om ons in te lig indien u kind 'n merk opdoen by die huis (skryf asb. In boek). U moet egter verstaan dat kinders partykeer val, baie keer op 'n speelding en nie 'n ophef daaroor maak of vir ons daarvan sê nie. 'n Merk kan dalk die volgende dag wys waarvan ons nie bewus was nie. Ons probeer hierdie situasie so diskreet as moontlik hanteer.

OUERS SE PLIGTE – NIE PERSONEEL

Personeel sal nie kinders wat met nagklere skool toe kom aantrek nie, nie kinders se tande by die skool borsel nie, nie soggens meisies se hare borsel / vasmaak nie. Ons borsel wel dogters se hare na slapenstyd.

STORIES AANDRA

Kinders is lief om stories aan te dra of op te maak. **Praat asb. eers met u kind se Opvoeder voordat u enige afleidings maak**. "As Personeel nie al die stories moet glo wat die kinders hier by die skool vertel nie, moet dan nie alles glo wat hulle by die huis oorvertel nie".

TISSUES, TOILETPAPIER EN WETWIPES

Hierdie is verpligtend en moet asb. aan **die BEGIN VAN ELKE KWARTAAL** gestuur word. Dit bestaan uit **6 rolle toiletpapier en 2 GROOT houers (200 x 2 ply) tissues en 3 pakke wetwipes . GEEN WASLAPPE WORD TOEGELAAT NIE!**

KLERE / PERSOONLIKE ITEMS

Kinders se klere, waslap, kombers, skoene, kosblik, koeldrankbottel, borsel ens. ***moet asb. duidelik deur ouers gemerk word.*** Ons sal nie verantwoordelikheid neem vir items wat verlore raak wat nie gemerk is nie. Sorg asseblief daar daar **ALTYD SKOON EKSTRA KLERE KLERE IN U KIND SE TAS IS**. ***Verkieslik 3 stelle klere vir die 1 – 3 jariges en 1 stel vir die 4 – 5 jariges.*** Kinders moet asb. gemaklike klere dra, wat maar vuil mag word. Kaalvoete in die somer word verkies. Dogtertjies moet asb. 'n spanbroekie (ski-pant) of kortbroekie onder hul rokkies aantrek. Kleuters moet onderbroeke en broekies (panties) onder hul klere dra. **OUERS DRA DIE VERANTWOORDELIKHEID OM SELF U KIND SE TAS NA TE GAAN VIR NAT OF VUIL KLERE.**

UNIFORM

Ons dra elke Dinsdag en Vrydag ons uniform – so ook met al ons uitstappies of soos versoek deur die Personeel. Somer- en winteruniform kan by die kantoor aangekoop word. L.W. Uniforms is NIE VERPLIGTEND NIE.

HARE EN NAELS

Dogtertjies se hare moet uit hul ogies wees. Lang hare moet vasgemaak wees. **Naels moet TEN ALLE TYE, KORT GEKNIP EN SKOON WEES.**

DOEKE

Ouers met kinders wat nog op doek is moet asb. sorg dat ons genoeg voorraad vir die maand het. Stuur ook room vir die boudjies asb. Hierdie ouers hoef nie toiletpapier te stuur nie, maar wel tissues. Wanneer daar met pottytraining begin word, dan sal u gevra word vir toiletpapier.

TOILET GEREEDHEID - POTTYTRAINING

GEEN kinders sal voor die ouderdom van 20mnde ge-pottytrain word nie, dus doen ek 'n vriendelike versoek op u om ***nie druk op die Personeel hieroor te plaas nie***. ***Die Opvoeder sal u in kennis stel wanneer sy hiermee gaan begin*.** Ons kan nie almal gelyktydig begin pottytrain nie, dus sal die kinders in groepies ingedeel word. GEEN BOTTELS OF FOPSPENE WORD TOEGELAAT WANNEER DAAR MET POTTYTRAINING BEGIN WORD NIE (2 jariges). ***Ons vertrou en reken ook op u samewerking ook by die huis wanneer ons hiermee begin.***

ONTSMETTING VAN SKOOLGEBOU, MATTE EN MATRASSE (FUMIGATE) / BESOEK DEUR GESONDHEIDS DEPARTEMENT

Hele gebou word een keer per kwartaal gedoen, matte word weekliks ontsmet.

PERSONEEL SE WANGEDRAG / VERKEERDE HANTERING VAN KIND

Ek vra dat u asseblief nie sal huiwer om enige van die bogenoemde aan my te rapporteer indien dit gebeur nie. Ons strewe is om ten alle tye goeie diens aan u te lewer.

STEL BELANG IN U KIND SE DAG / VORDERING / PROBLEME EN PERSOONLIKE AFSPRAKE

Vra u kind uit oor hoe hulle dag verloop het en praat asb. op 'n gereelde basis met u kind se Opvoeder oor sy/haar gedrag of vordering. Ouers is welkom om enige probleme met ons te kom bespreek. 'n Persoonlike onderhoud met u kind se Opvoeder kan vooraf gereël word om te verseker dat u ongestoord kan gesels. Kinders sal nie toegelaat word tydens hierdie onderhoud nie. ***Skakel gerus die kantoor in geval van enige ander probleme. Ons sal help waar ons kan.***

VERANDERING VAN ADRESSE, TELEFOONNOMMERS ENS.

Ons doen 'n beroep op u om enige adresverandering of ***verandering van telefoonnommers dadelik by ons te kom aanmeld.*** U kleuter kan gedurende skoolure siek word en dank an ons u nie opspoor nie.

SKOOLVAKANSIES

Grensies Petite is oop gedurende die eerste 3 kwartale se skoolvakansies. Ons vra dat ouers asb. die Opvoeder in kennis sal stel indien kind/ers nie gedurende die vakansie Petite sal bywoon nie. Ons benodig getalle vir die voorbereiding van etes.
Ek is nie gedurende skoolvakansies by die skool nie en Naomie de Kock sal gedurende hierdie tye in beheer wees van die Kantoor/Bestuur.

GRENSIES PETITE SLUIT VIR 4 WEKE

Die skooltjie sluit vir 4 weke – gewoonlik vanaf middel Desember – middel Januarie. Datum sal vroegtydig bevestig word.

OOPDEUR BELEID

Ouers is altyd welkom om met my te kom gesels. Ek is egter sommige dae in vergaderings, besig met aankope vir die skool of met opleiding en dit sal veilig wees dat as u 'n probleem van een of ander aard het, u eerder 'n afspraak maak.

Indien u enige verdere vrae of onduidelikheid oor enige van die bogenoemde het, moet asb. nie huiwer om my te kontak nie.

Vriendelike Grensie Groete

Wémien Brand
BESTUUR

MNR J.W. BRAND
SKOOLHOOF

Hiermee verklaar ek …….. ouer van ……. dat ek die bogenoemde gelees het en verstaan en dat ek by die reëls en voorwaardes, soos bo uiteengesit sal hou.

…….. Handtekening van Ouer

……. Datum